

Breuke

Breuke is gelyke dele van die geheel of gelyke dele van 'n totaal. Hier is 'n vinnige manier om die dele van 'n breuk te onthou.



3 Teller (T vir Top) ↑
7 Noemer (N vir Na onder) ↓

1 Kyk na die vorm regs.



- In hoeveel gelyke dele is die vorm verdeel? ____
- Watter breukdeel is ingekleur? ____
- Omkring die ekwivalente breuk van die antwoord in vraag 1b: $\frac{4}{7}$ of $\frac{2}{8}$ of $\frac{1}{2}$

2 Gebruik die vorm regs. Verdeel dit op 'n ander manier eweredig in sesdes.

a Kleur $\frac{2}{6}$ van die vorm in.

b Watter breuk van die vorm is nie ingekleur nie? _____


3 Skryf 'n ekwivalente breuk vir elke breuk in vraag 2.

a $\frac{2}{6} = \frac{\quad}{\quad}$


b $\frac{\quad}{\quad} = \frac{\quad}{\quad}$

4 Kyk na die drie vorms hieronder en voltooi die tabel.

Vorm A



Vorm B



Vorm C



Vorm	Hoeveel gelyke dele?	Wat word elke deel genoem?	Watter breukdeel is ingekleur?	Watter breukdeel is nie ingekleur nie?
A				
B				
C				

5 Skryf 'n ekwivalente breuk neer vir die breuk in vorm B wat nie ingekleur is nie.

Nog breuke

1 Skryf die breuke in stygende volgorde: $\frac{1}{5}$; $\frac{1}{8}$; $\frac{1}{7}$; $\frac{1}{3}$; $\frac{1}{2}$.

2 Skryf die breuke in dalende volgorde $\frac{1}{2}$; $\frac{1}{6}$; $\frac{1}{7}$; $\frac{1}{4}$; $\frac{1}{8}$.

3 Tel op.

a $\frac{1}{5} + \frac{1}{5} = \underline{\hspace{2cm}}$

b My antwoord op vraag 3a: $\underline{\hspace{2cm}} + \frac{1}{5} = \frac{5}{5}$


c $\frac{2}{7} + \frac{2}{7} = \underline{\hspace{2cm}}$

d My antwoord op vraag 3c: $\underline{\hspace{2cm}} + \frac{2}{7} = \frac{7}{7}$

e $\frac{4}{8} + \frac{1}{8} = \underline{\hspace{2cm}}$

f My antwoord op vraag 3e: $\underline{\hspace{2cm}} + \frac{1}{8} = \frac{8}{8}$

4 Kyk na die voete van die kinders hieronder. Watter breukdeel van die kinders dra:



a sokkies en skoene? _____ b geen sokkies of skoene nie? _____

c slegs sokkies? _____

5 Voltooi. Skryf die breukdeel van al die voete wat:

a sokkies en skoene aan het _____

b geen sokkies of skoene aan het nie _____

c slegs sokkies aan het. _____